# 509 Wie het die Woord van God geglo




Die Heiland kom in needrigheid,
daar staan geen ereboog,
en sy gedaante het geen prag
of skoonheid in ons oog.

Net soos ‘n seldsaam skone blom
bloei in die sandwoestyn,
so het die Heiland eens as kind
in Bethlehem verskyn.

Maar in sy lewe hier op aard,
beswaar ons lot sy hart;
deur mense is Hy heel verwerp,
Hy word die Man van Smart.

Ons sondelas het Hy gedra;
ons skuld het Hom onteer;
deur doodse angste is sy siel
om ons ontwil verteer.

Sy bloed alleen maak harte rein
van alle sondesmet,
en deur sy sterwe word ons siel
uit dood en hel gered.

W. B. Robertson (1820-86) Walliese Psalter (1621)